# Die Kruin-o-gram

11 Julie 2021 - Uitgawe 02

## Gee in oorvloed | 2 Korintiërs 8:8-15

Die tweede brief aan die Korintiërs (2 Korintiërs) is ‘n brief wat beide deur Paulus, asook Timoteus, ‘n volgeling van Paulus, geskryf is. Die brief word aan die gemeente in Korinte gerig, asook die breë omgewing genaamd, Achaea. Alhoewel daar amper geen debat is oor wie die skrywer van 2 Korintiërs is nie, is daar wel ‘n lywige debat oor hoeveel briewe Paulus aan die gemeente in Korinte geskryf het.

In die Nuwe Testament sien ons slegs twee van die, ten minste vier briewe, wat Paulus aan die gemeente in Korinte geskryf het. Hoe weet ons dat Paulus ten minste vier briewe geskryf het? In die eerste plek het ons 1 en 2 Korintiërs tot ons beskikking. In die tweede plek sien ons enkele verwysings tot vroeëre briewe wat Paulus geskryf het. Eerstens, in 1 Korintiërs 5:9 staan daar: “In die vorige brief het ek aan julle geskryf om nie met mense om te gaan wat in onsedelikheid leef nie.” Dit verwys na die sogenaamde ‘Vermaningsbrief’ wat Paulus vroeër aan die gemeente geskryf het. Tweedens, sien ons ‘n verwysing na die ‘brief van trane’ in 2 Korintiërs 2:3-4 en 7:8. Hierdie brief se benaming stem nie ooreen met die inhoud van 1 Korintiërs nie en moet dus ‘n brief wees wat Paulus geskryf het na 1 Korintiërs, maar voor 2 Korintiërs.

Die struktuur van 2 Korintiërs is die tipiese eerste eeu brief struktuur, deurdat die brief ‘n tradisionele groet bevat in 1:1-11, wat dan gevolg word met Paulus en Timoteus se rede vir die skrywe in 1:12-13:10 en dan weer afgesluit word met ‘n groet in 13:11-13.

Wat 2 Korintiërs uniek maak, is dat ons Paulus se individualiteit as ‘n apostel hier baie sterk sien deurslaan. Lias beaam dit deur te sê: “*Human weakness, spiritual strength, the deepest tenderness of affection, wounded feeling, sternness, irony, rebuke, impassioned self-vindication, humility, a just self-respect, zeal for the welfare of the weak and suffering, as well as for the progress of the church of Christ and for the spiritual advancement of its members, are all displayed in turn in the course of his appeal.*”

# Delf Dieper

Hierdie gedeelte van die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van Delf dieper is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot ʻn nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

1. Na mekaar
   a. Hoe gaan dit met jou hierdie week?
   b. Wat is jou vakansie planne?

2. Na God
   a. Lees 2 Korintiërs 8:8-15
   b. Wat val jou op wanneer jy hierdie gedeelte lees?
   c. Wat sê hierdie gedeelte oor God?
   d. Wat verwag hierdie gedeelte van ons as gelowiges?
   e. Hoekom moet ons aan hierdie verwagting voldoen?


3. Na mense
   a. Hoe gaan jy in die week wat voorlê mense bemoedig?



# Kom ons "recap" weer

In die tweede kwartaal het ons aan gegaan met die Bybelverhale in die Ou Testament. Kan jy onthou watter stories ons geleer het? En kan jy onthou wat in elke storie gebeur het? Hier is 'n lysie van die stories om jou te herhinner:

Daag jouself uit en kyk hoeveel van die stories jy kan onthou sonder om dit weer te gaan lees.



1. Deur die Rietsee – Eks 14 en 16
2. God se Tien Gebooie - Eks 19 en 20
3. Die geveg by Jerigo – Numeri 13 en Josua 2 en 6
4. Debora gaan veg – Rigters 4
5. God help vir Gideon – Rigters 6 en 7
6. Die sterk Simson – Rigters 13 en 16
7. Rut wys sy is lief vir Naomi – Rut 1 tot 4
8. Hanna sê vir God dankie – 1 Samuel 1 tot 2:11
9. Samuel luister – 1 Samuel 3:1-19

Wanneer ons die Bybelverhale lees of leer help dit ons om te weet wie die mense in die Bybel was. Die verhale vertel vir ons hoe daardie mense gevoel het en wat hulle alles beleef het. Wanneer ons weet wat in daardie mense se lewe gebeur het en hoe hulle daaroor gevoel het, kan dit ons ook help met sekere dinge wat in ons lewe gebeur. Ons sien ook veral, en dis die belangrikste deel daarvan, hoe belangrik God in die mense se lewens was. Dit help jou om te verstaan en te besef dat God ook in jou lewe en vir jou belangrik is.

Kan jy aan nog 'n rede dink hoekom dit belangrik is om jou Bybel te lees?

## Verjaarsdae

Ons is baie jammer dat ons nie vir die volgende paar weke verjaarsdae gaan plaas nie.

Deline Janse Van Rensburg, wat al vir jare elke week getrou ons verjaarsdaglys saamstel, is ongelukkig baie siek.

Deline, ons bid jou 'n spoedige en volkome herstel toe.

As u in die komende weke verjaar **beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

## Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Martie van der Merwe
Johnny Redelinghuys - Anelda Du Toit
Rita Pieters - Yvonne Lombard - Japie De Clerq
Colene Smith - Dr. Hennie van Buuren
Miné van der Merwe (10 jaar oud)
Allison Lobo Das Neves - Will Kearney
Carine, Gerrie Jamneck se vriendin

**GESONDHEID**
André Grundling - Johanna Coetzer

**OPERASIES**
Marietjie Pienaar - Baba Reinhardt van Stade

**COVID**
Danie en Sonay Olivier - Johanna en Antoinette Coetzer - Marie Barclay
Tubby en Tersia van den Heever - Lettie Marx (Judy Grundling se ma)
Antoinette Grundling - Dries Marx
Lise en Alexis Kok - Martyn en Annelise Nagtegaal
Cobus en Ronél Joubert - Marie Ferreira - Deline Janse van Rensburg

**AFSTERWE**
Elize Venter se neef en oudste broer, Theuns Botha
Elize Venter se jongste broer, Herman Botha
Koos Barkhuizen - Nicolene Heyns

**GEBOORTES**
Tia en Japie de Jager – Melizé
Bianca en Paul Steyn - Lianca

**SWANGERSKAPPE**
Herman en Rozanne Steyn

**ONS BID OOK VIR**
Ons regering, gesondheidswerkers
en almal wat geaffekteer is deur Covid-19

## Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

**Bankbesonderhede:**
N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888

zapper™